NG Kerk Swartland Noord

1. Afstigting van Swartland gemeente [Ringsresort - Ring Die Paarl]

Stigting van die nuwe gemeente Swartland Noord word in die Kerkbode van 4 Maart 1964 aangekondig. Die nuwe gemeente word op 17 Februarie 1964 gestig onder die herderskap van konsulent Ds L Delport.

In die beriggie geplaas deur WA Landman [Scriba Synodi] word die grense van die nuwe gemeente aangedui asook die eerste ampsdraers van die gemeente.

Ouderlinge:	***Diakens***
AJ van Zyl	JPH Louw
AP van Zyl	AB Theunissen
AB van Heerden	MHB Brand
CJ Verster	GJJ Coetzee
L de J Louw	P Swart
CN Lombard	M vdS van Aarde
PC van der Merwe	AWC de Kock
AC Jordaan	FJ du Plessis
CP Grobler	DJ Broodryk
FP Mouton	JA Smuts
CHC Doman	DG Rust
AJ de Waal	

Die eerste scriba was P Swart wat, vanaf 26/02/1964 tot 31/10/1982, saam met die kassiere AWL de Kock, vanaf 21/02/1964 tot 30/11/1972, die amptelike werksaamhede by Swartland Noord begin het. Die eerste Ds van die nuwe gemeente was Ds C Nel

2. ***Bou van die nuwe kerkgebou:*** 7 Mei 1968

opmeet koste R215.00

erf gekoop vir R2.00

3. ***Sooispitplegtigheid:*** 18 Junie 1966

Die boodskap by die geleentheid is deur Ds L Delport [konsulent] gelewer met die teks vers uit 1 Kronieke 22: 11 - 19. Sooispit seremonie is deur verskillende groepe gedoen. Dit is veral die bydrae van Mev SMJ de Kock [92 jaar oud] wat die gemeente verteenwoordig het wat uniek is. Die argitek was APS Conradie en bouer JDJ Brand.

Die koste van die gebou beloop R151 142, 34 wat die parkeerterrein-area teen ‘n koste van R7189.53 insluit.

4. ***Hoeksteenlegging:***

Vind plaas op Vrydag 17 Februarie 1967. Ds L Moolman voer die rede en Ds C Nel behartig die hoeksteenlegging.

Die orrel in die nuwe kerk is gebou deur SA Orrelbouers teen ‘n koste van R10915.00

5. ***Kerkinwyding - feesprogram:*** 4 en 5 Mei 1968

Ps: 84 : 2 "Hoe lieflik is u woninge, o Here van die leërskare"

Inwydingsdiens deur Ds C Nel

Sangsolo deur Louwtjie Louw [*foto?*]

Orrel spel [verskeie kere] - Prof GG Cillie. [*foto?*]

6 ***Pastorie***

Bergzichtstraat se pastorie is gekoop in 1967 vir die bedrag van R6650.46. Hierdie huis is aanvanklik gekoop vir Swartland Moedergemeente in Maart 1931 vir die bedrag van £3500 . Die eerste dominee wat daar gewoon het was DS Pienaar van die Swartland Moedergemeente.

in Februarie 983 word 'n deel aan die westekant aan Mnr JJ Breytenbach af verkoop.

Die Pastorie in Hoopvolstraat 8 word in 1981 gebou en die boukoste daarvan beloop R115 633.70. Ds Gys van Schoor is die eerste predikant wat in die nuwe pastorie intrek.

7 ***Kerksaal***

Argitekte is Louw en Nothling en die bouer AE Hopley

Die kerksaal is aanvanklik op 25 Julie 1976 ingewy. Verskeie aanbouings en veranderinge is daarna gemaak. Die oorspronklike boukoste was R71 400.00

1983 - 1984 aanbou van die Kelder en verskeie Sondagskoolklaskamers. teen 'n koste van R62 900.84 [meubels en matte ingesluit] Die bouer was JAJ Steyn.

1993 - 1994 aanbou van kategeseklasse , kombuis en stoorkamers asook kantoorgebou teen 'n koste van R184 386.75. Die aanbouings en veranderinge was gedoen onder die wakende oog van Mnr Andre van der Merwe,

8. ***Interessante kerkmeubels***

Doopvont	R107.00
Nagmaaltafel	R2300.00
Kanselkleed	R243,18

Ons is besig om 'n omvattende blad op te stel oor ons kerk se mense en geskiedenis. Verskillende mense is besig om hulle ervaringe van hul verbintenis met Swartland Noord te boek te staaf en ons hoop om binnekort meer hieromtrent op die webblad te plaas

Enige iemand wat graag 'n bydra wil lewer kan vir Frank Myburgh kontak.

Telefoon 022 4823162 of e-pos frankm@telkomsa.net